Tema: Ek is gerus want my Herder berei my voor vir en is by my in die donker tye.

Vooraf sang
Ps 89-1: 6, 7, 8
Ps 27-1: 1, 4, 6

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 21-1: 2, 4
Votum
Seën
Loflied Ps 80-1: 1, 2, 10
Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op Tweede gebod
H Kat vr 96 en 97
Sing Ps 130-3: 1, 2;
Gebed

Woorddiens
Skriflesing**:** Psalm 23 (uit die nuwe Direkte Vertaling)
Teks: Psalm 23: 4
Sing Ps 25-1: 6, 7
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (Kerkgroei bediening)
Sing Ps 66-1: 7
Seën uit Deut 31: 8
Amenlied Sb 13-2.

Ons het alreeds die volgende uit Psalm 23 geleer:
Vers 1: Ons Herder sorg vir alles, ons sal niks nodig hê nie. Hier het die klem geval op ons dapper en sterk Herder wat in staat is om sy kudde te versorg met alles wat ons nodig het en dat ons tevrede moet wees met sy versorging.
Vers 2: Vertrou op die goeie leiding van God, jou Herder.
Ons Herder se sorg hou ook in dat Hy ons lei na waters van rus en groen weivelde. Ons kan dus verseker wees van die rus en geestelike voeding wat God oorsien. Wanneer die rus verdwyn en die skape honger word, kan ons eenvoudig vertrou op die Herder wat die pad na die volgende rusplek ken.
Vers 3: Volg jou Herder sodat jy reg kan lewe tot sy eer.
Skape dwaal maklik weg maar God, Ons Herder, kom haal ons, draai ons lewe om en laat ons op die voetspore van Christus loop tot die eer van sy Naam.

Geliefde brs. en srs. en liewe kinders

Ons almal is seker nou al gewoond aan die verskynsel van beurtkrag. Beurtkrag, kinders, is wanneer Eskom, die mense wat ons elektrisiteit beheer, sekere dele van die land se krag afsit om krag te bespaar. Dan gaan die hele dorp se krag ewe skielik af. En wanneer dit in die nag gebeur dan is daardie skielike donkerte in die huis sommer baie sleg. Alles is pikdonker en gewoonlik skrik ŉ mens en is jy vir ŉ oomblik gedisoriënteerd.

Maar omdat ons weet dat beurtkrag een of ander tyd gaan gebeur, is ons voorbereid. Ons sit ŉ flits of vuurhoutjies en ŉ kers op so ŉ plek in die huis dat ons sommer so in die donker dit maklik kan kry om weer lig te maak. En die oomblik as die kers of lamp brand dan is ons weer gerus.

Geliefdes, hierdie verskynsel en ons reaksie daarop is presies wat die Here vir ons in psalm 23 vers 4 wil leer. Die Here wil ons leer dat daar donker tye in ons lewe gaan kom en Hy wil ons leer dat ons voorbereid kan wees om te weet dat wanneer die donkerte kom, ons nie bang hoef te word nie, want Hy is by ons. Hy is die flits of die kers wat ons deur die donkerte lei.

Ons kan die kern van die boodskap uit vers 4 so saamvat: Ek is gerus want my Herder berei my voor vir en is by my in die donker tye.

Brs. en srs., hier in vers 4 verander twee belangrike dinge in ons nou reeds bekende metafoor van God as ons Herder en ons as sy skape. Eerstens, het julle gesien dat die digter in vers 4 nie meer **oor** God praat nie, maar **met** God? Die gesprek word hier persoonlik, die digter praat nou met God “want U is met my”.

Tweedens ervaar die digter hier in vers 4 nie net die leiding van die Herder wat voor loop en hom lei soos in verse 1 – 3 nie. Hy ervaar hier in vers 4 **die intieme teenwoordigheid van die Herder by hom. Die Herder is sommer hier naby hom wanneer hy deur donker en gevaarlike plekke moet gaan.** Dit is asof hy die teenwoordigheid van die Herder aanvoel, al kan hy hom dalk nie sien nie. Hierdie wete bestaan omdat die skaap alreeds so vertroud is met sy Herder se leiding, dat Hy instinktief weet: Hy is by my. Hy is hier naby, daarom is ek gerus, sal ek nie bang word nie.

In die lig hiervan kyk ons na twee sake uit vers 4:
1. Ek is gerus want die Here berei my voor vir die donker tye van lewe
2. Ek is gerus want die Here is saam met my in die donker tye van my lewe

1. Ek is gerus want die Here berei my voor vir die donker tye van lewe
Dit is opmerklik dat die digter met hierdie uitspraak in vers 4 nog nie in ŉ donker tyd in sy lewe is nie. Hy sê **”al** moet ek deur donker dieptes gaan”. Hy voorsien dat daar sulke donker tye in sy lewe kan kom. Hoekom? Want God berei ons voor vir die donker tye van ons lewe. God leer ons dat donker deel is van ons lewe in sy lig!

Brs. en srs. dit is geweldig belangrik dat ons dit besef. Want as ek nie weet dat daar donker gaan kom nie, word ek daardeur oorval en oorweldig. As ek nie gereed is vir beurtkrag nie, dan word ek bang en met vrees oorval want ek weet nie hoe om lig te maak nie! Ek het nie my flits of vuurhoutjies gereed nie! Dan word ek bang en verward!

Miskien moet ons net eers verklaar wat die “dal of vallei van doodskaduwee” is, of soos die direkte vertaling dit vertaal: “die donkerste kloof”. Letterlik staan daar “die vallei of kloof van diep skaduwee”. Dit dui op ’n baie swart donkerte! Totius het dit vertaal met “doodskaduwee” om daarmee sommer te kom by die diepste donker van ons lewe. Maar dit is nie wat die digter eerstens in gedagte gehad nie.

Hierdie “donkerste donker” dui op tye van beproewinge, versoekinge, swaarkry, lyding en vervolging en dood wat elke gelowige te beurt val. Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word beteken ook “om donker kringe om die oë te hê” en dit sê presies wat ’n mens in sulke tye ervaar.

Ons Herder leer ons hier: donker tye is deel van ons lewe in die lig en onder sy leiding. Ons moet ons nie verwonder daaroor nie, ons moet nie verward of bang word wanneer dit gebeur nie, nee, dit is deel van jou lewe! Hoeveel gelowiges worstel nie met die “hoekom-vraag” wanneer die donker tye in hulle lewe kom nie? En dan soek hulle die antwoord op hierdie vraag in hulleself: wat het ek verkeerd gedoen? Waarom straf die Here my? Natuurlik is dit alles maniere waarop ons die donkerte leer verwerk, maar geliefdes, die ware troos lê daarin dat die Here vir ons vanmore sê: dit gaan gebeur! Dit is deel van die lewe! Moenie daaroor wonder nie – wees voorbereid! Dit is deel van die pad waarop ons Herder ons lei. Ons moet dit verwag! En ons moet gereed wees.

Geliefdes, ons lewe is soos ’n skip wat op ’n seevaart gaan. Die stuurman van daardie skip weet uit ervaring dat daar een of ander tyd op hierdie vaart ’n storm gaan kom. En omdat hy weet die storm gaan kom, maak hy seker dat hy presies weet waar die hawe is en sy koers kan hou as die storm kom. Hy kan nie eers wat tot dat die storm aanbreek en nou sy kaarte en kompas kry en probeer koers en rigting wil bepaal nie. Hy is gereed en as die storm kom, dan kan hy koers hou! Dit is presies wat die Here ons hier leer.

Hoe kan ons dan gereed wees?
Want ons Herder leer ons tweedens dat Hy by ons is in ons donker tye! En daarom moet ons nie bang wees vir die donker nie! Die oomblik as die ligte afgaan weet ek waar die flits of die vuurtjies is! Wanneer dit donker word in my lewe, weet ek dat my Here en Herder by my is!

Ek weet dit want toe Jesus geboorte aangekondig is, het die engel opdrag gee dat daar ’n besondere naam aan Hom gegee moet word naamlik “Immanuel” dit beteken: God by ons! God word mens om my mense te wees in ’n donker wêreld en Johannes sê dat Jesus die lig vir die donker wêreld is en dat die donker nie die lig sal uitdoof nie!

Christus het hierdie teenwoordigheid van God vir ons verseker toe Hy aan die kruis, toe dit drie ure donker geword het, God in die donker gesoek maar Hom nie gevind nie omdat Jesus alleen al die straf van ons sonde moes dra. Hy moes die volle straf alleen dra, sonder God in die donkerte, sodat Hy in diepe ellende uitgeroep het “my God, my God, waarom het u my verlaat?” Geliefdes, God het Jesus daar ter wille van ons alleen in die donker gelos, sodat Hy altyd by ons in ons donkerte kan wees! Dit is die blye evangelie van Psalm 23 vers 4!

Brs. en srs. en liewe kinders, daarom is ons gerus wanneer dit donker word! Want ons weet God is by ons. Ons kan met hom praat, Hy luister en hoor en lei ons deur die donker. Die donker is nooit bedoel dat ons altyd daarin sal bly nie, nee, God lei ons ook weer daaruit! Daarom hoef ons nie in ons donker tye te vra: Waar is die Here nou nie? Hoor Hy my nie? Het Hy my alleen gelaat? Want dit is nie waar nie – ja, dit mag so voel – maar dit is nie waar nie! God is by my in my donkerste nood! Ja, ook sal ons saam met die digter van Ps. 13 vra: “hoe lank nog Here” want soms voel die donker so lank en oneindig, maar nou weet ek, die donker is tydelik – daar sal weer lig kom!

Daarom sê dit digter: U stok en U staf die stel my gerus! Onthou julle nog? Die stok en staf van die Herder. Die gereedskap waarmee Hy sy skape lei? Die stok of knopkierie waarmee die Herder my bewaar teen aanvalle van roofdiere! En die staf met die krom punt waarmee Hy my nader trek as ek koers verloor in die donker! Hierdie stok en staf is God die Heilige Gees wat my troos en lei in donker tye en daarom is ek nie bang nie! Ek vertrou op God en weet Hy is hier en Hy sal my lei.

Brs. en srs., solank ek en jy nog die doel van die beproewing kan sien, dan het die digte donker nog nie betekenis nie. Want eers as jy niks meer kan sien en verstaan nie – dan word geloof in God se teenwoordigheid nodig! Dan moet ek glo en weet my Herder is hier! Dis donker, maar Hy is by my. Ek sien niks meer nie maar Hy sal my beskerm, Hy sal my troos, Hy sal my uit die donker lei!

En ja, geliefdes, dit is ook waar van die donkerste donker wat ons almal tegemoet gaan en dit is die dood! Ons praat nie graag oor die dood nie. Baie mense vrees die dood! Maar Goddank: ons hoef nie bang te wees vir die dood nie! Al was en is die dood nie deel van God se plan nie en daarom praat Paulus van die dood as die “laaste vyand” wat ons moet oorwin, hoef ons nie die dood te vrees nie – want ook in daardie diepste donker sal die Here by my wees, sal Hy my veilig hou, sal Hy my troos en sal Hy my daardeur lei om te kom in die lig van die ewige lewe! Daaroor gaan ons in die volgende vers 6 praat.

Maar nou, hier, die belofte, die vaste en sekere wete: wanneer ek doodgaan is ek gerus, want God is by my! Ek weet dit, ek is voorberei, ek is nie bang nie!

Geliefdes, klink dit na leë woorde? Ek verseker julle dit is nie leë woorde nie, omdat ek getuie is van sovele gelowiges wat voor hulle dood getuig het: ek is nie bang nie! Vir my klink dit elke keer so ondenkbaar – maar vir hulle ’n werklikheid: want hulle ervaar God se teenwoordigheid op ’n onbegryplike wyse! Ook in die laaste donker van ons lewe!

Brs. en srs. en liewe kinders, ons kan daarom gerus wees! As die donker kom, weet ons waar die lig skyn – selfs in die stikdonker, want God is by ons! Hy berei ons voor en Hy stap saam met ons deur die donker – nou nie daar ver voor die trop skape waar ek Hom nie kan sien nie, maar sommer hier by my, ek voel sy stok en staf en ek weet: My Herder is by my, ek is gerus. Ek is nie bang nie!

Amen